# STROOM OP

AFRIKAANSE HOËR SEUNSKOOL TWEEDE UITGAWE 2021



# Nuwe leesprogram kry momentum

bl. 3

## SPORT



'n Volle een en vyftig Affie-fietsryers het op 15 Mei by Cow House, Hazeldean, aan die eerste rondte van die Spur MTB-reeks van Gauteng-Noord deelgeneem. AHS het uitstekend gevaar met Werner Gouws derde in die o/14-afdeling en Hendre Schoeman en Henre Myburgh, onderskeidelik tweede en derde in die o/15-afdeling. Op die foto bo is Zach Visser, graad 8. (Deur Ignus Ferreira)

## OUD-AFFIES




Johan Muller (matriek 2019 en oud-redaksielid van *Stroom-op*) is tans 'n tweedejaarstudent by Capital Hotelskool in Arcadia, Pretoria. As deel van sy praktiese opleiding, het hy onlangs as leerling-fyngebaksjef (*pastry chef*) op die wêreldbekende Bloutrein gewerk.
Op bladsy 6 vertel hy meer van sy lewe as leerlingsjef en van sy passie vir alles wat met kos te make het.

## AKADEMIE



Joshua van Dyk in graad 9 se maket oor "lees" het beslis die oog gevang. Dit beeld 'n trein uit wat die tonnel van 'n boek ingaan.
Volgens me. Ronel de Beer het hulle vanjaar dié onderwerp vir die Kuns en Kultuur-opdrag gekies om by Affies se groot leesprojek aan te sluit. Die seuns kon die maket maak van papier, karton of wol.

# Redaksioneel

Janno Bouwer

Ses maande van die jaar is verby, nog voor ons ons oë kon uitvee. Vir die matrieks is die einde van hul skoolloopbaan in sig. Die tyd word min.

In die onsekere tyd waarin ons nou leef, weet ons nie wat die dag van more kan inhou nie. In die vorige kwartaal was die seuns gereed om hulle mini-eksamen in Junie aan te pak, maar dit het in 'n oogwink verander. Die vakansie het wel vroeg aangebreek, maar daarmee saam ook die onsekerheid.

Ten spyte van al die twyfel en bekommernis, het een ding vas bly staan – die trots, liefde en respek vir hierdie skool. Hier kry jy steeds die gevoel dat jy deel is van iets groter. Dit word nie afgeforseer nie, maar dit word gekweek.

In tweede kwartaal het ons die geleentheid gekry om meer te hoor oor die skool se hersiene waardes en dit is elke Affie-man se plig en voorreg om dit daagliks na te streef:

1. Dis nie wat Affies vir jou kan doen nie, maar wat jy vir Affies kan doen.
2. Broederskap
3. Affie-guts
4. Eenmaal 'n Affie, altyd 'n Affie
5. Wees die ideale Affie.

Vir ons as matrieks van 2021 is die volgende woorde nou meer van pas as ooit:

*Tyd is gratis, maar dit is kosbaar. Jy kan tyd nie besit nie, maar jy kan dit gebruik. Jy kan dit nie hou nie, maar jy kan dit spandeer. As jy dit verloor het, kan jy dit nooit weer terugkry nie…*

## REDAKSIE

Janno Bouwer (redakteur), Jonty Bleeker (adjunkredakteur: Sport), Albert Retief (adjunkredakteur: Kultuur), Marco Arndt, Ignus Ferreira, Henko Brits, Janco Botes, Deon Spies, Reenen Herbst en Heinrich Immelman

# NUWE KLASSE LANGS RUGBYVELDE BEPLAN

Henco Brits



'n Argiteksvoorstel van die beplande klaskamers



Die Joubert-huis wat as inspirasie vir die nuwe ontwerp gedien het.

In 'n poging om AHS se onderrigfasiliteite te verbeter, beplan die skool om in 2022 met bouwerk aan veertien nuwe klaskamers te begin. Die gebou sal op die oostelike wal van die B- en C-rugbyveld wees en die tydelike klasse, wat tans as die T-lokale bekend staan, vervang.

Me. Engela White, die argitek, het haar inspirasie vir dié klaskamers uit die Joubert-huis geput, waar AHS en AHMP in 1920 ontstaan het. Die simmetriese aansig sal jou dadelik aan die Joubert-huis laat dink, omdat die twee kenmerkende gewels en die stoep in die nuwe gebou herhaal word. Daar sal ook steenwerk langs die trap wees wat na die boonste verdieping lei, wat lig sal deurlaat en sal aansluit by die skool se leuse: Laat daar lig wees.

Die vooraansig sal die hoofgebou se struktuur eggo, met die hoekdetail en materiaalgebruik wat so na as moontlik dieselfde gaan wees. Die stoeppale, wat die U-vormige stoepdak gaan stut, sal wit wees en gaan Affies se hoogste sportspanne, wat wit dra, verteenwoordig, sowel as die seuns wat in hul wit hemde dikwels by atletiek- en sweminterhoërs 'n gevreesde gesig is.

Hierdie projek verbeter nie nét die onderrigfasiliteite van die skool nie, maar bevestig ook Affies se ingesteldheid om alle voorgangers se bouwerk aan die skool en hul deelname om Affies te vorm, te eer.

# Koue laat 1920 bontstaan

Reenen Herbst



Met die winterkoue wat almal vanjaar laat les opsê, moes die personeel by 1920 behoorlik bontstaan om al die honger klante tevrede te hou. Volgens me. Caroline Linde (foto bo) was die geroosterde spek, eier en kaasbroodjie 'n groot gunsteling en mnr. Tefo (Doctor) Miya (onder) moes sy slag ken omdat die verkope van koffie en warm sjokolade die hoogte ingeskiet het.



# Personeel teen Covid ingeënt



Me. Rinalia King gereed vir die inspuiting



Die Affie-personeel het vroeg in Julie geleentheid gehad om hul teen Covid te laat inent en het onderskeidelik by Galagher Estate in Midrand en in Sunnyside gaan toustaan. Op die foto regs is me. Ella Schoeman en mnre. Karel Stander en Cobus Coetzee – trotse eienaars van 'n inentingsertifikaat.

## *Oom Gerrie groet*



Oom Gerrie Kriel het einde Mei na sewentien jaar en nege maande by die koshuis afgetree. Afgesien van die duisende etes wat onder sy bestuur aan al die koshuisbrakke voorsien is, het hy ook 'n reuserol gespeel in die vestiging van AHS se voedselprogram by die Laerskool Generaal Nicolaas Smit. Affies wens hom 'n wonderlike aftrede toe!

## *Nuwe voedseldiensbestuurder by koshuis*





Mnr. Van Staden gee opleiding aan die komsbuispersoneel..

Mnr. Jean van Staden het op sý beurt in Junie die pos as Senior Voedseldiensbestuurder by oom Gerrie oorgeneem. Hy was voorheen werksaam by Empact, waar hy verantwoordelik was vir tientalle kantiens by onder andere Vodacom en ook vir koshuiskombuise by verskeie skole.

# Beter lees = beter leer



Albert Retief

Graad 9's hard aan die lees

'n Nuwe, ongekende stilte hang deesdae elke Maandag en Woensdag tydens voogperiode oor die skool. Affies van graad 8 tot 12 sit vir 20 minute soos wafferse boekwurms met boeke en tydskrifte en verbeter só hul leesvernuf.

Jongmense se vermoë om met die nodige spoed en begrip te lees, is wêreldwyd 'n bekommernis en daarom beskik AHS reeds vir etlike jare oor 'n leeslaboratorium (onder die bestuur van me. Elza Keyter). Hier word die graad agts deur die Reading Rocket-leesprogram met leesspoed sowel as begrip gehelp. Onder leiding van me. Yvonne Bredell het AHS dit nou met hierdie inisiatief nóg 'n tree verder geneem.

"In Februarie 2020 was 84% van die graad 8's onder die leesspoed van 204 woorde per minuut, met 80% begrip," sê me. Bredell. "Aan die einde van die jaar is hierdie syfer na 68% afgebring, wat 'n merkwaardige prestasie is vir die tyd wat ingesit is. Na regte moet die seuns nóg meer lees, maar ongelukkig is daar nie tydens klastyd hiervoor tyd nie en die seuns moet dan smiddae lees, wat selde gebeur. Om hierdie rede is die nuwe leesperiode in skooltyd van onskatbare waarde."

Volgens me. Bredell is dit ook vir die personeel opmerklik dat die seuns nou dikwels hul boeke uithaal en lees wanneer hul klaswerk afgehandel is – iets wat voorheen selde gebeur het.

In 'n opname wat *Stroom-op* gedoen het, lyk dit ook of die meeste ouens die lesery geniet, of dan ten minste die voordeel daarvan insien. Baie van hulle gebruik die tyd om hul Engels en Afrikaans voorgeskrewe boeke te lees, maar biografieë en outobiografieë van bekendes (en berugtes) – van sakelui, politici en natuurlik sporthelde – is ook baie gewild. Ou klassieke verhale word ook weer afgestof en gelees.

"Dit help met jou woordeskat en 'n mens verstaan beter, wat jou weer help in toetse," was een van die seuns se reaksie. 'n Kranige leser in graad 11 het voorgestel dat die leesperiode sommer by elke skooldag ingewerk moet word. "Ek dink die ouens wat glad nie by die huis lees nie, gaan dán eers werklik daarby baat. Ons kan dit regkry deur die voogperiodes verder van 20 na tien minute te verkort en vyf minute by elke periode te 'steel'. Dit gaan 'n reuseverskil maak."

### Wat lees almal?

**Heinrich Immelman** (graad 11) hou gewoonlik nie so baie van die lees nie, maar hy is nou besig met 'n boek oor die All Blacks, *The Jersey*.
**Bernard Janse van Vuuren** (ook in graad 11) is glad nie 'n gereelde leser nie, maar lees nou *Diary of a Wimpy Kid*.
**Dian Annandale** (graad 9) lees tans 'n boek van James Patterson.
**Calvin Holding** (graad 9) lees *Defy the Foul Fiend* van John Collier.
**Rynhardt Bezuidenhout** (graad 9) is besig met een van die Trompie-boeke.
**Anrigh van Graan** lees *Monsterology: The Complete Book of Monstrous Beasts* deur dr. Ernest Drake.

# Veels geluk, meneer Joynt

Reenen Herbst

Die hoof, mnr. Peregrine Joynt, verjaar op 22 Mei, maar omdat dit vanjaar op 'n Saterdag geval het, het die skool die geleentheid reeds Vrydag gevier.

Me. Elmarie van Loggerenberg het hom vroegoggend tydens die personeelvergadering gelukgewens, waarna die onderhoofseun vir kultuur, Jan Wiese en die hoofman Dillon Smith, ook húlle beurt gekry het om hom namens die seuns geluk te wens. Die geleentheid is afgesluit met die debuutvertoning van Die Menere. (Sien berig op bladsy 4)

Tydens die virtuele saalopening daarna is hy ook deur, me. Marlene du Toit gelukgewens, en 'n nuwe "tradisie" is by die skool begin waar die name van die seuns sowel as die personeel wat die komende week verjaar, gelees word.

Ter viering van mnr. Joynt se verjaarsdag is die seuns 'n uur vroeër as gewoonlik van hul akademiese verpligtinge onthef en hulle kon 12:30 die middag huis toe gaan. Die personeel is na afloop van die skooldag bederf met 'n ligte verjaarsdagete voor Huis Pannevis



Mnr. Francois Deysel en mnr. Joynt by die verjaarsdagete voor Pannevis.

# Trust hou aanlyn kunsveiling



Secret File deur Collen Maswanganyi

Die Affie 100 Fonds Trust het in Julie 'n aanlyn kunsveiling aangebied met werke van Suid-Afrika se bekendste kunstenaars. Die doel hiermee was om fondse in te samel vir die Trust se voedingskemas en opheffingsprogramme in minderbevoorregte gemeenskappe en vir hulp met die instandhouding en ontwikkeling van die Affie-fasiliteite. Die Trust wou deur die veiling ook die kunsbedryf ondersteun wat swaar deur Covid-19 getref is.

Die veiling het werke ingesluit van die beeldhouer Anton Smit en internasionaal bekroonde kunstenaars soos Diane Victor, Jan van der Merwe en Tracy Payne. Plaaslik bekroonde kunstenaars is Collen Maswanganyi, Ruhan Janse van Vuuren, Anton Karstel, Jaco Benade, Helena Hugo, Gwenneth Miller, Gordon Froud en Carl Jeppe. Verder is daar die internasionale glaskunstenaar Lothar Böttcher, die Spaans-Suid-Afrikaanse kunstenaar Pascual Tarazon en bekende kunstenaars soos Eric Duplan, Michele Nigrini, Lynette ten Krooden, Wayne Vivier, Anna Liebenberg, Thabo Pitso, Tracy Algar, Philip Badenhorst, Natasja de Wet, Rosa Snyman-Wessels, Jan Tshikhuthula, Tanisha Bhana, Cobus Haupt, Nina Torr, Hougaard Winterbach, Mary-Jane Morris, Susan Grundlingh, Peter Mammes, Lucas Bambo en Debbie Cloete.



Anton Smit

'n Stel sketse van die Affie-geboue deur Marius Badenhorst en enkele werke van studente van Afrikaanse Hoër Seunskool, Afrikaanse Hoër Meisieskool en Pretoria Boys High School was ook beskikbaar.



Faith Mask deur Anton Smit was een van die kunswerke wat opgeveil is.

# HOPE TALENT BY VOORDRAGKONSERTE

Janno Bouwer



Juan van Buren-Schele (graad 11) wys sy slag op die viool.

Sowat tagtig Affie-musikante van graad 10 tot 12 het in Mei en Junie die geleentheid gehad om hul talent en harde werk by die jaarlikse voordragkonserte in die Ben Schoeman Ouditorium ten toon te stel.

Hierdie konsert maak jaarliks deel uit van die musiekleerlinge se praktiese assesseringstake. Dit bied terselfdertyd ook aan almal die geleentheid om voor mekaar, hul ouers, die personeel en ander leerlinge op te tree.

# Potgietersaal kry sy naam terug!




Die Potgietersaal spog nou ná negentien jaar weer met sy oorspronklike naamplaat. Die saal is in 1963 vernoem na Affies se oud-hoof, mnr. G.J. Potgieter en toe die saal in 2002 vergroot is, is dié naamplaat met sy koperletters verwyder en in 'n stoor gebêre. Mnr. Hanri Bezuidenhout het dit 'n tyd gelede weer daar ontdek en onder me. Engela Hechter, Affies se argivaris, se aandag gebring. Me. Hechter het die koperletters laat restoureer, terwyl mnr. Bezuidenhout en sy werkers die staalplaat reggemaak en die letters weer daarop vasgesit het.

Die naambord is nou weer op sy regmatige plek en die koperletters blink daagliks trots in die oggendson.

# Pasop A-minere – hier kom Die Menere!

Deon Spies



Mnre. Bert Rossouw, Niel Coetzer, Gerrit Jacobs en AJ Maree tydens hul optrede vir die personeel.

As deel van die verjaarsdagvieringe vir mnr. Peregrine Joynt se verjaarsdag in Mei het vier Affie-menere met 'n vertoning van sang, gewys hul KAN.

Ná drie kort, maar kragtige oefeninge het die kwartet bestaande uit mnre. AJ Maree, Niel Coetzer, Gerrit Jacobs en Bert Rossouw vroegoggend tydens die personeelvergadering hul buiging gemaak. Daarna is 'n videopname van hul optrede tydens die virtuele saalopening gespeel en kon al die seuns luister na 'n vrolike *Barbershop*-verwerking van die bekende "Happy Birthday to You".

Al vier menere was tydens hul studentedae voorslag-sangers in hul koshuis-serenadegroepe op UP – mnre. Maree en Coetzer vir Vividus-manskoshuis, en mnre. Jacobs en Rossouw vir Sonop.

Volgens mnr. Maree hoop die kwartet om binnekort weer op die verhoog te wees by die gala-aand van die Affie Artes. So hou gerus dié spasie dop…

# Simfonia Juventi 2021

Vyf Affies is vanjaar vir dié orkes gekies wat onder streng beperking by Unisa opgetree het. Hulle is Wentzel Lotriet (tjello), Riaan Boer (tromboon), Rohan Grobbelaar (altsaksofoon), Ben van Zyl (perkussie) en CJ Lindholm (perkussie).



Wentzel Lotriet
Graad 12



Riaan Boer
Graad 11



Rohan Grobbelaar
Graad 11



Ben van Zyl
Graad 11



CJ Lindholm
Graad 9

# (Al weer) nuwe rekords vir debatteerders

Janco Botes



Die skool se debatteerders laat spat vanjaar verskeie persoonlike rekords by die jaarlikse ATKV-kompetisie.

Die eerste rondte het in Mei plaasgevind en veertien Affie-spanne was in hul onderskeie afdelings in die top tien. Dit is die eerste keer wat die skool al drie Gauteng-Noord-kompetisies (een junior en twee senior), wen. Affies breek ook sy eie vorige rekord van ses spanne in die landsfinaal met sewe van die twaalf spanne wat deurdring na die finale rondte in Buffelspoort (drie junior en vier senior spanne). Dit is vanjaar ook die eerste keer dat drie junior spanne na die landsfinaal deurdring, met ons vorige rekord op twee. AHMP en Die Hoërskool Menlopark het elk twee spanne in die finaal en Hoërskool Zwartkop een.

COVID-19 het ongelukkig wél sy stempel op die kompetisie afgedruk, omdat die ATKV die semi-finaal moes afstel. Die finaal wat in Augustus sou plaasvind, is tot verdere kennis uitgestel.

Die onderwerpe vir die finaal is dieselfde as in 2020. Die juniors se onderwerp is "Geskiedenis behoort (nie) 'n verpligte vak in alle Suid-Afrikaanse hoërskole te wees (nie)". Die seniors gaan debatteer oor "Die onttrekking van multinasionale maatskappye aan Suid-Afrika behoort die land (nie) tot voordeel te strek (nie)".

# Musikante presteer by Eisteddfod

Die Pretoria Eisteddfod se afdelings vir Perkussie sowel as Hout- en Koper-blaasinstrumente is in Junie by die skool aangebied.

Die Affie-hout- en koperblasers het nege A++'e, 20 A+'e en 13 A's verwerf. Henré van Rooyen (graad 9) het die wisseltrofee vir die Beste Klarinetspeler verower en Rohan Grobbelaar (graad 11) was die Algehele Wenner: Hout en Koperblasers en het ook met die trofees vir Beste Blaser in die afdelings Voorklassiek, Romanties en Bladlees en Snelstudie weggestap.



Henré van Rooyen



Rohan Grobbelaar

# Wat beteken man-wees vir jou?



Mnr. Joynt wou tydens een van die virtuele saalopeninge in Junie by die seuns weet wat dit vir hulle beteken om 'n "goeie" man te wees. Almal kon hul antwoorde of kommentaar deur middel van 'n skakel op hul selfone vir die skool stuur en me. Nancia Kruger (Moodle en Bestuursadministrasie) het die inligting verwerk. Meer as 800 seuns het terugvoer gegee en hieronder is verbatum aanhalings daaruit:

- Om 'n man te wees, beteken om op te staan vir wat reg is, om 'n waardestelsel vir jouself te hê en daarby te hou.
- Ek wil trots wees op my besluite.
- Om deurlopend te streef om verantwoordelik op te tree teenoor jou medemens.
- Ek wil my vrou en kinders so goed kan hanteer soos wat my eie pa my hanteer.
- Integriteit in wat jy doen en met dít waarmee jy te doen kry.
- OM NIE 'N KLIP TE WEES NIE! Statistiek wys daarop dat selfmoord by mans vier keer meer voorkom as by vroue en daarom is 'n ware man die een wat sy gevoelens wys vir die wêreld en daarmee werk.
- "Guts" te hê as jy iets verkeerd gedoen het, om op te staan vir jouself en uit te kom.
- Om 'n gholfkarretjie wat 10 uur die aand in 'n halwe meter modder vassit en net "biki" guts wys om drie km te loop om klippe te gaan haal saam (met) jou vriende en daai karretjie uit te kry terwyl dit -3ºC grade buite is... dis wat man-wees vir my beteken.
- Beskerm dié wat nie hulleself kan beskerm nie.
- Bly altyd by jou waardes en vestig jou identiteit in God.
- Integriteit hê, nederig te wees, netjies en gehoorsaam te wees.
- Ry 'n bakkie, goed kan braai, respekvol en moet 'n baard hê.
- Die definisie van man-wees is 'n ware Christen. Dit is ook die definisie van 'n Affie.
- Inbors
- Deursettingsvermoë
- Ambisie, 'n doel en betekenis in die lewe wat waarde aan my gee.
- Selfdissipline, kameraadskap, nederigheid, ordentlikheid
- Om 'n goeie pa vir my kinders te wees. Om 'n goeie man vir my vrou te wees. Om die wêreld 'n beter plek te laat as wat ek dit gekry het.
- In die Here geanker wees.
- Om vir my kinders en vrou kos en 'n dak oor hul koppe te voorsien.
- Om te wees wie jy is en nie voor te gee nie.
- Goed in visvang, goed in bestuur, goed in braai, ek moet sterk wees, moet 'n Hilux ry en ek moet 'n vuur kan maak.
- Jy moet jou eie opinie hê, wat nie baie beïnvloedbaar is nie.
- Foute erken, nie skynheilig wees nie.
- Nooit jou verantwoordelikhede probeer "dodge" nie.
- Om jou vrou, of 'n dame, soos 'n koningin te behandel.
- Supporting others who need it and being strong enough to receive help from others. These are just a few things that makes a man a man.
- Ruggraat en selfrespek

# Ongewone sportsoorte steek nou in pouse kop uit

Reenen Herbst

Tydens die deurmekaar pandemie-skooljaar word frases soos "wie weet wat aangaan" gereeld in die gange en op die speelgrond gehoor. Al die onduidelikheid oor sportdeelname en -oefeninge het die matrieks geïnspireer om hulself tydens pouses op kreatiewe maniere aktief besig te hou. Alles van sokker tot raakrugby, vlugbal of "volley ball" en "hacky sack" word nou op die B/C-rugbyvelde gespeel en help beslis om almal se gemoedstoestand te verbeter.



Vlugbal of "volley ball" oor die rugbypale is nou 'n gewilde sportsoort tydens pouses.

# *Ywerige eksamenskrywers*

Janno Bouwer




Ná die skielike sluiting van die skool einde Julie, moes almal natuurlik direk na die wintervakansie gereed wees om met die eksamen voort te gaan.

Op die foto bo is 'n groep ywerige graad neges wat na bewering die hele vakansie geleer het en nou positief voel oor hul Afrikaans vraestel.




# Dapper duif is 'n bittereinder!



Almal by Affies ken dié kolletjiesduif wat nou al vir jare met net een beentjie op die terrein by 1920 rondspring. *Stroom-op* soek 'n naam vir dié besonderse geveerde. Laat weet ons by die skakelkantoor as jy aan 'n oorspronklike naam kan dink.

# DR. WILLIE KOEN – ‘N MAN MET ‘N HART

Janno Bouwer



Dr. Willie Koen (foto bo)



Op die foto links is Willie Koen as lid van die *Stroom-op*-redaksie in 1982.

Dr. Willie Koen (matriek 1982) is ‘n hartchirurg by die Netcare Christiaan Barnard-hospitaal in Kaapstad en het die afgelope jare groot bekendheid verwerf met die oorplant van meganiese harte.

Dr. Koen was self op sy dag ‘n redaksielid van *Stroom-op*, maar hierdie keer moes hý die vrae antwoord.

***Kan u ons meer vertel van u dae op Affies?***

My tyd op Affies het begin as ‘n bangerige 13-jarige, maar na vyf jaar het ek as tipiese Affie daar uitgestap met die selfvertroue om die groot lewe aan te pak. Ek het vinnig geleer van Affie-kameraadskap en -lojaliteit, van deursettingsvermoë en om nooit op te gee nie. Dan het ek natuurlik geleer hoe Affie-humor werk – iets wat maar vir altyd bly!

Ons is aangemoedig om aan soveel aktiwiteite as moontlik deel te neem en ek het ‘n bietjie atletiek gedoen en vir die B- en C-spanne krieket en rugby gespeel. Ek het vir die skool geswem en was ‘n entoesiastiese skaakspeler. Op kultuurgebied was ek ‘n redaksielid van die *Stroom-op* en in standerd nege (graad 11) het die Afrikaans onderwyser gesê ek moet by die debat- en redenaarspan aansluit. Ek was teësinnig, maar as ek nou terugdink was dit ‘n fantastiese ervaring en moes ek dit ernstiger opgeneem het.

***Waarom het u op medies en uiteindelik hartchirurgie besluit?***

Ek was nie ‘n toppresteerder nie en was maar lui. Ek het egter uiteindelik besef dat ek my punte sal moet verbeter as ek wil verder studeer. Dit was toe al eintlik ‘n bietjie laat en my ouers was bekommerd. My selfmotivering het laat ingeskop en vandag besef ek dat ‘n mens veral op skool baie hard daaraan moet werk, want dit bepaal jou toekoms. Ek was onseker oor wat ek moet studeer, maar my broer, wat toe ‘n mediese student in sy finale jaar was, het my oortuig dat dié beroep ‘n wye veld dek – rekenaars, fisika, regte, kuns – alles het ‘n plek in die mediese veld. Ek het toe by Tukkies aansoek gedoen vir medies en het tot my groot vreugde keuring gekry.

***Kan u ons vertel van die meganiese harte wat u oorplant en waarom u dit as belangrik vir die toekoms beskou?***

In 1998 het ek by ‘n privaatpraktyk by die Christiaan Barnard Hospitaal in Kaapstad aangesluit en het die hartoorplantingsprogram by dr. Susan Vosloo oorgeneem. Die hartseer met hartoorplantings is dat baie mense op die waglys weens die tekort aan skenkerharte sterf. Ek en my span wou meer mense help. Die enigste ander opsie sou wees om vir hierdie desperate pasiënte ‘n kunshart in te plant, as ‘n skenkerhart nie betyds kom nie.

Die kunshart waarmee daar in daardie stadium die beste resultate was, was die Berlyn-hart en ná opleiding in dié Duitse stad het ons begin om hierdie hart vir pasiënte in te plant. Dit was ‘n tydelike opsie sodat die pasiënt langer kon wag vir ‘n geskikte skenkerhart en ‘n hartoorplanting. Oor die volgende paar jaar kon ons sowat 30 pasiënte met hierdie strategie behandel. Dit was gekompliseerd.
Die Berlyn-hart pomp lug in ‘n kunsventrikel in wat dan die sirkulasie van die pasiënt ondersteun. Hierdie pomp was ‘n groot konsole wat langs die bed van die pasiënt gestaan het. Dit het sy doel gedien, maar die persoon moes in die hospitaal bly totdat daar, soms eers maande later, ‘n hart beskikbaar was.

In die jaar 2000 was daar nuwe tegnologie beskikbaar. Die kunshart was nou so groot soos ‘n gholfbal! Ons kon dit inplant en pasiënte kon huis toe gaan, weer gaan werk en goeie kwaliteit van lewe hê.

Vanjaar het ons die heel nuutste kunshart by die Christiaan Barnard-hospitaal begin oorplant. Met die Covid-pandemie is skenkerharte skaarser as ooit en ons is dankbaar vir hierdie alternatief. Die grootste nadeel is dat daar twee groterige batterye nodig is wat die pasiënt elke agt ure moet laai. Die batterye is nog te groot om in te plant en ‘n klein kabeltjie deur die vel koppel die batterye aan die kunshartjie. Batterynavorsing geniet tans wêreldwyd onder ingenieurs groot aandag, want feitlik alles werk deesdae met batterye wat gelaai moet word. Die fokus is nou op die draadlose lading van batterye of “wireless” of “remote charging”. Die navorsers beweer dat ons binnekort al ons batterye sonder kabels oor ‘n afstand sal kan laai. Dit is waarna ons mik. Dit is daarom belangrik dat hartchirurge en ingenieurs hulle wetenskaplike kennis saamgooi om aan oplossings te werk. Dit kan dalk die einde van skenkerhartoorplantings beteken. Baie meer mense sal gehelp kan word met totale inplantbare kunsharte, alhoewel koste ook maar altyd ‘n groot hindernis is.

***Ervaar u die werk na al die jare steeds as besonder stresvol en wat doen u om te ontspan?***

Vir ontspanning gaan ek see toe. Ek is baie lief vir kreefduik en visskiet. Naweke werk ek in my klein wingerd van een hektaar by my huis wat 6 000 bottels Sauvignon Blanc per jaar produseer. Ek is tans in my tweede jaar in Fisika en Wiskunde aan Unisa en in die aande werk ek hieraan. Dit hou my kop besig en help my om ons tegnologiese uitdagings beter te verstaan.

My werk is my passie en om op ‘n mens te kan werk en die verandering in sy/haar lewe te sien is ‘n nederige eer. Om so nou by ‘n pasiënt en veral die familie betrokke te raak is baie spesiaal. Dit bly elke keer vir my ‘n wonderwerk as die bloed weer sterk vloei – of dit nou met ‘n biologiese hart of ysterhart is.

***Raad aan Affies?***

My advies aan jong Affies is die volgende: Jy is in ‘n topskool en het fantastiese geleenthede. Moenie dat ‘n gebrek aan selfmotivering jou pootjie nie – druk jouself harder! Ons het almal as jong seuns daardie moeë, lui en geen-belangstelling-gevoel gehad. Jy gaan later bly wees as jy dit kan oorkom. Moenie dat onregverdige onderwysers, skoolboelies, kompeterende persoonlikhede en jaloerse individue jou affekteer nie. Jy gaan nog baie van hierdie soort mense op jou pad raakloop. Húlle leer jou noú die vaardighede wat jy later gaan nodig kry om met diesulkes oor die weg te kom. Probeer om aan alles deel te neem, al blink jy nie daarin uit nie. Dit ontwikkel jou sonder dat jy dit besef. Verskonings vir jou mislukkings is maar net ‘n manier om jouself en ander te paai. Sien jou foute eerder as iets waaruit jy kan leer. Onthou, ervaring is maar eintlik ‘n versameling van foute. Werk aan jou selfmotivering en dink aan maniere om jouself aan die gang te kry. Beloon jouself as jy ‘n doel bereik het en gebruik ontspanning as ‘n beloning. Groepsdruk speel ‘n groot rol. Dit is wonderlik as jy in die regte groep is en dit dryf jou tot hoër hoogtes, maar terselfdetyd kan dit katastrofies wees as jy te veel tyd met die verkeerde lot spandeer. Stel die gevoelens van ander eerste en maak seker dat jy nie in jou strewe tot hoër hoogtes ander om jou benadeel nie. Selfsug moet jou vyand wees. Probeer uitreik na ander, veral ander kulture, gelowe en die swakker outjie in die klas. Jy sal verstom wees wat jy by hulle gaan leer. Dink aan die verhaal van ‘Die Ideale Affie’ en gaan kyk weer na die standbeeld. Ons land met sy ryke geskiedenis was maar nog altyd ‘n uitdaging. Maak seker jy is deel van die oplossing en dat jy jou voorbeeld gebruik om ander positief te beïnvloed. En laastens, vriendelikheid kos niks.

Sterkte manne! Heil die Affies!

# Sjef in “trein”-ing

Jonty Bleeker



“Die Bloutrein-ervaring is nie iets wat ‘n mens kan verduidelik nie.” Só sê Johan Muller (matriek 2019 en oud-redaksielid van *Stroom-op*) oor sy tyd as leerlingsjef op dié wêreldbekende trein.

Johan is tans besig met ‘n Gevorderde Diploma in Professionele Kookkuns aan die Capital Hotelskool in Arcadia, Pretoria en het as deel van sy praktiese opleiding van Maart tot Junie op dié “bewegende hotel” diens gedoen.

Johan, wat al van kleins af ‘n liefde vir kos in sy ouma se kombuis ontwikkel het, het aanvanklik beplan om BCom Rek te studeer, maar het op 16 agtergekom dat kos eintlik sy passie is. “Oor naweke het ek kooklesse geneem en ek het vir al wat 'n kookkompetisie is, ingeskryf,” vertel hy.

“Ek het my eerste prakties gedoen onder die Franse sjef Didier Philipot van Brasserie de Paris in Waterkloofrif. My kookstyl is daarom sterk beïnvloed deur Franse en Italiaanse kookmetodes en geure. My passie lê egter ook by die bak van brood – van ciabatta en focaccia tot grissini.

Die lang ure is 'n baie groot aanpassing, maar kos is my passie en dit voel nooit soos werk nie. By Brasserie was die ure van 10 in die oggend tot 11 in die aand. Dit is maar normale ure vir 'n “fine dining”-restaurant. ‘n Mens werk ook oor naweke, want dit is die besigste tyd. So ons hou gewoonlik “naweek” op Maandae en Dinsdae.

Op die Bloutrein is die ure van 5 uur die oggend tot 11 uur die aand, vier dae 'n week. Die normale ure wat mens op 'n skof werk is 16 ure – soms meer, maar selde minder.

Soms help ‘n mens nog om die trein se watertenks op stasies te vul en dan kry jy selfs minder as vier ure se slaap in. Ons drink baie espresso, veral voor 'n ete begin. Vir die lang ure op ons voete dra ons spesiale skoene met sagte sole wat soos “Crocs” lyk.

Op die kort trein is daar tussen 40 en 60 gaste plus 'n personeelkorps van 20. Op die lang trein is daar tussen 70 en 90 gaste en 30 personeellede. Albei treine het 'n kombuisspan van sewe wat vir die hele trein kook. Die mense saam met wie ek gewerk het, het naderhand soos familie gevoel. My gunstelingdeel van die Bloutreinroete is die draai buite die Paarl, waar ‘n mens die hele trein van voor tot by die laaste wa kan sien.

Enigiemand wat belangstel om 'n sjef te word, moet seker wees dat dit sy passie is, anders sal dié bedryf jou insluk en uitspoeg. Vir die wat daarvan hou, is daar egter nie ‘n beter werk nie.



## Oud-Affie Jaco Louis Venter by UP vereer

Jaco-Louis Venter het vroeër vanjaar die Visekanselierstoekenning by die Universiteit van Pretoria ontvang. Hy het sy graad in Chemiese Ingenieurswese behaal met ‘n gemiddeld (oor al sy studiejare bereken) van 92,62%. Hy is tans besig met ‘n honneursgraad.

# Oud-Springbok Tonie Roux help Affie 100 Fonds Trust



Tonie Roux in sy Springbokjare

Oud-Affie Tonie Roux (matriek 1964) het Affies in Junie besoek om 'n video-opname vir 'n fondsinsamelingsprojek van die Affie 100 Fonds Trust te maak. Hy was die tweede rugby-Springbok uit Affie-geledere en het in die laat sestig- en vroeë sewentigerjare dertien toetse vir Suid-Afrika gespeel.

Volgens Tonie tel die toere na Frankryk, die Verenigde Koninkryk en Australië, waar hy as senter en heelagter uitgedraf het, as hoogtepunte in sy loopbaan.

Tonie sê sy tyd by Affies was wonderlik en soos alle oud-Affies onthou hy veral die onhebbelikhede wat hulle aangevang het en waarvoor hulle ordentlik gestraf is – veral 'n verhaal wat te doen gehad het met skooltasse in die vierkant…



Tonie Roux in die mediasentrum saam met mnr. Peregrine Joynt ná sy filmonderhoud vir die Affie 100 Fonds Trust.

## Oud-Affies by Olimpiese Spele

Oud-Witblits Pieter Conradie (2012) het Suid-Afrika by die Olimpiese Spele as lid van die 4x400 m aflosspan verteenwoordig. Pieter is 'n bekende gesig op die atletiektoneel. Hy verteenwoordig Suid-Afrika sedert sy eerste deelname aan die Wêreld Jeugkampioenskap in 2011 en word gereeld met die nasionale aflosstokkie vertrou.




Pieter Conradie

Nardus Badenhorst (2008) was op sy beurt deel van die Suid-Afrikaanse Waterpolospan. Hy het reeds in 2013 sy eerste wedstryd vir die nasionale span gespeel.



Nardus Badenhorst



Reinhardt in 2020 tydens die wedstryd teen Helpmekaar.

## Junior Springbok Reinhardt Ludwig

Oud-hoofseun Reinhardt Ludwig (2020) maak groot opgang in die rugbywêreld en is onlangs in die junior Springbokspan ingesluit. *Stroom-op* wou by mnr. Ryno van der Merwe (Hoof van Rugby) weet wat van iemand 'n potensiële Springbok maak en vir 'n flank of slot het hy fundamentele vaardighede, werksetiek, emosionele intelligensie, lengte, spoed en "aerial skills" genoem. "Bowenal is dit belangrik dat die speler "coachable" is – hy moet bereid wees om raad te aanvaar," sê mnr. Van der Merwe. "Reinhardt het oor al hierdie eienskappe beskik."

Reinhardt het in graad 8 en 9 vir die C-spanne gespeel, maar het hard gewerk en is in graad 11 vir die Cravenweek gekies.

## *Affies bult spiere in skermkuns*

Janco Botes

Robert van Eijk, Tiaan Booyse, Liam Badenhorst en Enan Beukes (almal in graad 10), het onlangs aan die Gauteng Skole Skermkompetisie by die Universiteit van Pretoria deelgeneem. Robert het 'n silwer en drie bronsmedaljes verower, Tiaan het 'n sesde en 'n sewende plek behaal en Liam Badenhorst twee sesde plekke. Die 50 deelnemers kon in twee kategorieë deelneem – o/17 en o/20.

Volgens Robert het sy broer (oud-Affie 2007) op skool aan dié sportsoort deelgeneem en dit het hom gemotiveer om ook sý hand daaraan te waag. Hy oefen by die Universiteit se Groenkloofkampus onder die Rus André Kovrisjnik, bekend as een van die beste skeidsregters in die wêreld.

"Ons oefen drie keer per week en doen 'n uur fiksheid en 'n halfuur voetwerk, waar jy jou bewegings inoefen. Die bewegings is eintlik ongebalanseerd en ongelyk, want jou voorste bobeen is uiteindelik sterker as die agterste een, terwyl die agterste been se kuitspier weer meer oefening kry. Jou regterarm se bo-armspiere is ook baie sterker, want jy gebruik jou linkerarm net vir balans," vertel hy.

"Daar is jaarliks drie skolekompetisies en een provinsiale kompetisie waaraan ons deelneem. Vir die skoolkompetisies dra ons rugby of hokkiekouse by ons wit pakke om te wys dat ons Affies is.

"Een van die lekker dinge van dié sportsoort is dat jy hiermee kan aanhou totdat jy oud is – die oudste lid by die klub is 86!"



Liam Badenhorst, Tiaan Booyse, Robert van Eijk en Enan Beukes

# Affie-gholf bly op die kruin...

Heinrich Immelman

Affie-gholf het weer stem dik gemaak by die Woodlands Junior Masters toernooi. Agtien spanne van die land se topskole het mekaar van 9 tot 11 Mei op die Royal Johannesburg en Kensington Gholfbaan oor drie rondtes die stryd aangesê.

AHS se twee spanne het die pas aangegee en ná die drie rondtes het ons eerste span vir die derde keer agtereenvolgens koning gekraai. Ons tweede span eindig in die vierde plek. Chrisjan Maas wen ook die individuele kompetisie met 'n telling van 18 onder baansyfer, wat 'n nuwe toernooi-rekord is.



AHS se eerste gholfspan by die Royal Johannesburg en Kensington Gholfbaan. Van links is mnr. Cobus Coetzee, Joshua Koekemoer, Nico Booyens, Chrisjan Maas, Nico Els, Peet Lion-Cachet en Rialdo de Bruyn.



Chrisjan Maas het einde Mei sy gholfprestasies voortgesit by die KZN Gholf Ope op die Selbourne Gholfbaan, waar hy die toernooi oor vier rondtes gewen het met 'n telling van 17 onder baansyfer. Dit was tien houe voor sy naaste teenstander, oud-Affie Zandré Labuschagne (matriek 2020).

## *Rugby-spelers in SA-span*

Stian de Bruyn (graad 12) en Risima Sambo (graad 11) was by die Suid-Afrikaanse O/18-toergroep ingesluit wat in Augustus na Georgië sou toer. Hierdie twee Affies is ook die enigste twee verteenwoordigers uit die Bloubulstreek wat by die nasionale groep ingesluit is. Die toer is egter op kort kennisgewing afgestel.



Stian de Bruyn (graad 12)



Risima Sambo (graad 11)

## Ntando rég vir sy tweede Paralimpiese Spele

TOKYO 2020 PARALYMPIC GAMES

Ntando Mahlangu vertrek middel Augustus na Tokio om aan sy tweede Paralimpiese Spele deel te neem. Hy was reeds as veertienjarige in Rio de Janeiro op die podium en hoop om dié prestasie vanjaar te herhaal of selfs te verbeter. Ntando neem vanjaar aan die verspring sowel as die 200 m deel.
Die Spele is van 24 Augustus tot 5 September.




Foto: Internet

Ntando was as veertienjarige in 2016 tweede by die Spele in Rio.

## Swemmers wys hul slag

Janno Bouwer



Die feit dat daar geen interhoër in die eerste kwartaal was nie, het die Affie swemmers nie daarvan weerhou om te presteer nie.

Markus Nel, Manus van Vuuren, Ricardo Rebelo, Chris Jan Daling, André van der Heever, Christiaan Esterhuysen en Markus Booysen het almal aan die SA Junior Nasionale Kampioenskap deelgeneem en Hano Kruger, Janno Bouwer, Manus van Vuuren, Richardt Beineke, Markus Nel en André van der Heever aan die SA Senior Kampioenskap.

Gavin Robberts, Chris Jan Daling, Adriaan van Niekerk en Eckard Jansen van Vuuren het op hulle beurt hul slag by die Vlak 3-kompetisie gewys.

Richardt Beineke en Ricardo Rebelo het ook aan die SA Oopwater Kampioenskap deelgeneem.